SUIDER-PAARL GEMEENTE

BULLETIN - 20 JUNIE 2021

Welkom by ons aanlyndiens

Dankie dat jy inskakel

Volg ons dienste op die volgende platforms:

Suider-Paarl Youtube-kanaal:
https://www.youtube.com/channel/UCrhncOkbJKr5mFvdCijpW3g/videos

Suider-Paarl Facebook-blad:
https://www.facebook.com/suiderpaarlgemeente/

Suider-Paarl Webtuiste:
https://suiderpaarl.co.za/

Koninkrykstyd

In hierdie vierde week in Koninkrykstyd, lees ons in die Oordenkings vir Lidmate (leesrooster) in Psalm 9 saam met die verhaal in 1 Samuel 17. Dawid, die psalmdigter, sing oor die mag van God se verskyning en dat Hy as betroubare Regter op sy troon sit, met ander woorde, heers en regeer.

Vir die mens in gevaar is God 'n toevlug en 'n skuilplek in tye van nood.

"Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U", verklaar Dawid.

Hoe klink jou lied?

Medelye

Deon Cronjé is verlede Vrydag oorlede. Ons dink aan sy eggenote, Petro en hul gesin.

Ds. Danie Grové is ook verlede Vrydag oorlede. Ons dink aan sy eggenote, Hanna, en kinders.

'n Oud-lidmaat van Lorraine straat, Oom Eben Terblanche is oorlede. Oom Eben was deel van die komitee betrokke by Suider-Paarl se afstigting van Strooidak kerk. Ons dink aan Tannie Divvie en die familie.

Tel: 021 863 2700/1635 Epos: info@suiderpaarl.co.za
www.suiderpaarl.co.za
Leraars: Ds. Carel van Wyk 082 870 5701
Ds. Theo Hay 083 280 6184
Dr. André Kilian 082 320 1784
Ds. Lenois Stander 084 627 9543
Jeug: Vicus Kruger 082 929 7163
Kinderbediening: Benita van der Merwe 083 379 4702

Kalender

20.06.2021 Nasionale biddag vir blindes
20.06.2021 Vadersdag
28.06.2021 Gemeenteraad vergadering
30.06.2021 Deurry-basaar

SUIDER-PAARL GEMEENTE BIED AAN

COVID-VRIENDELIKE DEURRY BASAAR

30 Junie 2021

"Curry butter chicken" en rys
hoender sosaties
roosterkoek
pannekoek

Lidmate word genooi om bestanddele of bydraes by die kerkkantoor af te gee teen Woensdag, 23 Junie.

Ons benodig:
Wit Basmati rys, Botter, Room, Geblikte tamaties, Cashew neute (ongesout), Olyfolie, Eiers, Meel, Kookolie, Asyn, Suiker.

Enige kontant bydraes sal ook waardeer word.

GELUKKIGE VADERSDAG

AAN AL DIE VADERS & OUPAS !

Bybelstudie

Ons weeklikse Bybelstudie gaan aanlyn voort. Kontak asb vir ds. Theo Hay om deel van die Bybelstudie WhatsApp groep te word om op hoogte te bly van die reëlings.

Nisse

Blompotjies vir die nisse is beskikbaar by die kerkkantoor teen R150 elk. Navrae kan gerig word aan Madeleine Fourie.

Lidmate moet asb. kennis neem dat ander items nie aan die nisse geheg mag word nie.

Aankoop van 'n dubbele nis by die kerkkantoor teen R3,780. Die prys verhoog jaarliks teen 1 Julie.

Vakature: Skakelbeampte

Suider-Paarl Gemeente het tans ‘n vakature vir ‘n geskikte persoon om as Skakelbeampte in die kerkkantoor op te tree

(Halfdagpos: Weeksdae 08:00 - 13:00; Sondae op versoek)

Posbeskrywing:

Die uitvoer van alle administratiewe en sekretariële verantwoordelikhede met inagneming van doelwitte ten opsigte van die gemeente se visie en waardes. Die geskikte persoon sal ‘n belangrike rol speel in die skakeling tussen die bedieningspan en ander belangegroepe ten einde gedeelde verantwoordelikhede suksesvol in spanverband te hanteer.

Pligte:

Die aangewese kandidaat sal verantwoordelik wees vir basiese sekretariële ondersteuning en administratiewe pligte soos:

Ontvangs van lidmate wat aandoen by kerkkantoor
Skakelbord
Skakel met nuwe intrekkers en kommunikeer aan leraars
Kaartjieverkope en ontvangs van gelde vir funksies
Skakel met kollegas en funksie-koördineerders
Lidmaat administrasie op Winkerk
Administrasie van biblioteek
Administrasie van funksies en Omgeegroepe
Reël van kleiner funksies (soms bywoon)
Skakeling met die gemeente d.m.v. massa- en/of groepe-Whatsapps en/of SMS’se
Webblad opdatering
Bulletin
Ander ad-hoc take soos versoek

Vereistes:

Goeie interpersoonlike- en kommunikasievaardighede
Ondervinding in skakelwerk en kommunikasie sal as aanbeveling dien
Rekenaarvaardig (MS Office)
Meelewende Christen
Passievol oor gemeentewees en die uitbou van die kerk se rol en beeld in die gemeenskap
Handhaaf vertroulikheid
Kode 8 bestuurslisensie en eie betroubare vervoer
‘n Lidmaat van die gemeente wees of word

Vergoeding en voordele:

Vergoeding sal deur middel van onderhandeling bepaal word, volgens ‘n totale pakket-benadering. Dit sluit deelname aan ’n voorsorg- of pensioenfonds in.

Aansoeke:

Stuur asseblief u CV en motiveringsbrief na admin@suiderpaarl.co.za. Aansoeke wat ná die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Indien u nie binne 3 weke na die sluitingsdatum gekontak word nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie. Die Gemeenteraad behou die reg voor om nie die vakature te vul nie.

Sluitingsdatum: 23 Junie 2021

Navrae: Madeleine Fourie - 021 863 2700

Inenting, ja of nee – Suider-Paarl Gemeenteraad

Baie mense vra die afgelope tyd: Moet ek ingeënt word? Wat is die regte ding om te doen? Hoe weet ek as gelowige hoe ek moet optree? Die kerk moet asseblief leiding gee! Daar is mense tussen ons wat na weerskante toe glo: die een uiterste is mense wat glo die inenting is van die bose. Aan die ander kant is daar mense wat sonder om twee keer (of hoegenaamd) te dink vir die inentings gaan.

Die Gemeenteraad het ‘n paar beginsels, wat ons as gemeente dink belangrik is, op ons webblad gepubliseer. U kan dit gerus gaan lees.

Ons gee want God het eerste gegee

Dankie dat jy as rentmeester erns met jou offervaardigheid maak. Jy kan jou dankoffers op die volgende maniere gee:

+ Tydens kerkkantoor-ure by die kerkkantoor.
+ In ‘n koevert in die kerkkantoor se posbus plaas.
+ Elektroniese betaling:
  NGK Suider-Paarl
  ABSA Tak: 632 005
  Tjekrekening:
  740 580 132
+ Per debietorder (reël met Madeleine by die kerkkantoor)
+ Via Snapscan

Suider-Paarl Gemeente

Snap here to pay

SnapScan

Die POPIA Wet (Wet Op Beskerming van Persoonlike Inligting, No 4, 2013) het op 1 Julie 2020 in werking getree en instansies het 12 maande tyd om aan die wetsvereistes te voldoen. POPIA stel streng vereistes vir die insameling, gebruik, berging en vernietiging van persoonlike inligting.

Madeleine Fourie is as Suider-Paarl gemeente se Inligtingsbeampte aangestel om toe te sien dat daar aan die eise van die wet voldoen word. Johan Geldenhuys is die Gemeenteraadslid wat oorhoofs toesig hou.

Doel van die wet: Dit reguleer en bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat liggame verkry, gebruik en geberg word. Die verwerking van persoonlike inligting deur openbare en privaat liggame moet op so 'n wyse geskied dat dit gevolg gee aan die reg op privaatheid onderhewig aan regverdigbare beperkings wat daarop gemik is om ander regte en belangrike belange te beskerm. Die Wet verbied niemand om enige persoonlike inligting in te samel en daarmee te handel nie, maar skryf net die regmatige handelinge voor om persone te beskerm.

Suider-Paarl kerkkantoor het persoonlike inligting van ons lidmate en ons hanteer dit met die nodige sorg en integriteit. Hierdie inligting sluit in, maar is nie beperk nie tot, u:

- Volle naam en van
- Identiteitsnommer
- Geboortedatum / ouderdom
- Telefoonnommers
- E-pos adres
- Fisiese adres
- Geslag
- Huwelikstatus en familieverwantskappe
- Godsdienstige oortuiging

Daar sal mettertyd aan lidmate kommunikeer word watter stappe deur die kerkkantoor gevolg moet word ter voldoening aan die volle omvang van die wetgewing. Hou dus asb. ons kommunikasie kanale deurentyd dop hiervoor. Meer inligting omtrent POPIA en ons beleid en voorsorgmaatreëls sal ook mettertyd op ons webblad beskikbaar gestel word.

Ons wil u verseker dat ons deurentyd alle persoonlike inligting en kontak besonderhede met die strengste konfidensialiteit en omsigtigheid hanteer.

HARTLIK GELUK AAN ONS LIDMATE WAT HIERDIE WEEK VERJAAR !

Bea Alderson
Greÿbe Celliers
Anton Gildenhuys
Karen Horn
Keenan Horn
Johanita Hüsselmann
Candice Khan
Hayley Pieters
Kobus Stofberg
Dimitri Abrahams
Beverle Cilliers
Marnus Ferreira
Lizette Hay
Bianca Joubert
Robert Samuel
Paul van der Westhuizen
Alecia Esterhuizen
Ronelle Jacobs
Madi Jager
Charl Jooste
Jaco Oosthuizen
Mara Brits
Jonathan Malan
Carin Stemmet
Sue Steyn

Kom sing 'n nuwe lied vir Hom
Kom sing 'n nuwe lied vir Jesus
Kom bring die lof en dank aan Hom
want Hy's die Koning wat weer kom
Kom sing 'n nuwe lied uit jou hart
laat jou lewe Hom besing
want Hy's die Koning
Hy's die Here
sing 'n nuwe lied vir Hom!
Kom sing 'n nuwe lied vir Hom
sing met kitaar, klavier en trom
'n nuwe klank moet mense hoor
van vreugdesang en jubelkoor
Kom sing 'n nuwe lied uit jou hart
laat jou lewe Hom besing
want Hy's die Koning
Hy's die Here
sing 'n nuwe lied vir Hom!

JESAJA 42:10

Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, sy lof van die einde van die aarde af — julle wat op die see vaar, en alles wat daarin is, eilande en bewoners daarvan.

Cindy Burger
Heinrich de Villiers
Jaco du Plessis
Marie Griebenauw
Francois le Roux
Elsabe Lock
Tobie Mostert
Francois Myburgh
Mieke Oosthuizen
Yvette Theron
Peter Young
Corzelle de Villiers
Junika Hugo
Warren Koerkop
Cornel Swart
Gerhard van der Merwe
Flippie Viljoen
Juan-Maré de Lange
Niel de Villiers
Annatjie Human
Johan Joubert
Marie Langenhoven
Theunis Uys
Ronelle Visser